dat hij wis dat haar vader daarop teë was dat sij met 'n arm man sou trou.

Anna het toen in korte en gepaste trekke aan hom meegedeel, dat sij persoonlik op hom niks teë had nie. Inteëndeel hom te verstaan gegee, dat sij hom net so innerlik, als hij haar, bemin. Maar volgens die gesprek van haar vader met haar gister, blijk dit dat haar vader gedetermineerd was dat sij met Fourie moes trou.

Jannie het aandagtiglik gesit en luister wat Anna te vertel had, en verkeer toen so 'n rukkie daarna in diepgepeins. Met eens vonkel daar so 'n blijmoedige trek op sijn gelaat, en glimlaggend, laat hij hom als volg hoor: "Alles sê hulle is géoorloofd in liefde en oorlog! Als jij nie omgee om met mij te trou nie, Anna, laat ons dan 'n plan maak om die behoorlike toestemming van jou vader daartoe te krij, en te gelijkertijd Fourie 'n poets te bak ook. Dit sal nou altemit nie mooi klink nie, maar 'n man soos Fourie verdien dit eerlik: van morre het hij in mijn teënwoordigheid hom te danig brekerig uitgedruk, en dit nog al voor 'n hele boel mense."

"So! en wat het hij nog al gesê, als ik dit mag weet?" vra Anna.

"Dat hij 'n onderhoud met jou vader had o'er jou, en dat jou vader tog so in sijn skik was met sijn toekomstige RIJK skoonseun. En verder voeg hij daar ook nog bij: 'dat rijk nôiens alleen vir rijk jongkêrels bestemd is, en dat die 'sukkelaar,'' so met 'n hoofskudding naar mijn kant, 'hulle geluk bij hulle gelijke moet perbeer!' En daarom sê ik als jij nie omgee nie, kom laat ons hom 'n poets bak, en gelijktijdig die toestemming van jou vader vir ons huwelik krij."

"Ja," antwoord Anna, "maar hoe gaat ons dit reg krij?"

"Niks makliker nie," vervolg Jannie. "Wanneer verwag jij Fourie weer hier?"

"Morre aand!"

"Nou ja, goed," sê Jannie, "dan sal ik ook hier wees, maar niemand behalwe jij moet dan iets van mijn teënwoordigheid—altans so ver nodig—weet nie. Begrijp jij?"

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Ja, ten dele, maar verder?"

"Kijk hier, Anna, sorre jij nou net vir twee eenderse rokke en twee eenderse kappies. Ons twee is percies net ewe hoog, en wat vir jou pas sal mij ook pas. Dan moet jou oë kasta seer wees, en ook so erg dat jij nie die lig kan verdra nie. Die lamp in jou voorkamer moet so 'n flou lig gee, dat niemand in staat daardeur sal wees behoorlik te kan sien nie, want seer oë kan mos ook nie 'n sterk lig verdra nie.

Jij, gewapend met die een rok en kappie, moet dan onder die ronde tafel—wat in die middel van die vertrek staan—plaas neem, en sorre dat die kleedtjie so hang dat jij volkomelik bedek blij.

Ik weer, gewapend met die ander rok en kappie, sal dan als 'Anna' op die sofa plaas neem, en met 'n beteuterde en siekerige stem trag om jou na te praat, so dat als Fourie kom, hij dan die voorreg mag hê om met MIJ op te sit. Begrijp jij?"

"Volkomelik!" skater Anna, "en al sal dit nie help nie, dan sal die grap daarom die moeite werd wees. Denk jij nie so nie?"

"Natuurlik!" lag Jannie.

Die volgende dag het ou meneer Maritz maar min van Anna te sien gekrij. Sij was hard besig om die afgesproke planne in gereedheid te breng; en wat ook in volkome orde was toen Jannie stilletjies op die bestemde tijd opgedaag het. Op die bepaalde tijd het die tweetjies hulle, volgens afspraak, gekleë, en vir die oningeligte sou dit regtig moeilik geval het om te sê wie is wie.

Toen dit nou haas tijd was dat Fourie sou kom, verneem hulle die voetstappe van ou meneer Maritz van die voordeur, in die rigting van die sitkamer. En hulle dag toen dat dit Fourie was.

Haastig het Anna, met so 'n ondergedrukte lag, onder die tafel ingeduik, terwijl Jannie met sijn siekerige houding op die sofa posisie ingeneem het. Met die gewaarwording dat dit ou meneer Maritz was wat die kamer binne stap, het altwee—soos verwag kan worde—in volslaë benoudheid verkeer. Maar die ding was nou al te ver, en hulle was verplig

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onder die omstandigheid die beste van 'n sleg saak te maak. Jannie se hart het so geweldig hier onder sijn baatjie—ik meen rok—gespartel dat hij bevreesd was dat ou meneer Maritz die bedrog sou agter kom. "En als die ou Baas," so dag hij, "maar nou net nie die lamp opdraai nie, dan het ik daarom—alhoewel baing swak—nog 'n kans."

Met gespanne aandag sit Anna onder die tafel, om die wending van sake noukeuriglik gade te slaan.

"En," so begin meneer Maritz, "wat makeer jou dan van aand, Anna, dat jou gesig so DANIG toegetrek is? En virwat is die lig dan so flou? 'n Mens kan bijna niks sien nie!"

Jannie het toen bij uitstek knap—dog bi'na onhoorbaar—die stem van Anna nagepraat, dat sij self, haar daaro'er verwonder het.

En met so 'n treurige, siekerige, sagte gemompel antwoord hij: "Mijn oë is baing seer, Pa, en ik kan nie 'n skerper lig verdra nie. Dawie het belowe dat hij van aand sal o'erkom, en daarom, al is mijn oë baing pijnlik, wil ik maar wag om hom te ontvang."

"Mooi so, mijn kind!" laat meneer Maritz ewe tevrede daarop volg, "die volhardende wilskrag van die Maritze val nie moeilik bij 'n edelmoedige dogter van een van hulle waar te neem nie. En jou vader siet verlangend uit naar die dag wanneer hij jou—sijn dierbaarste Anna—als die bruid van Dawie Fourie kan geluk wens, gepaard met 'n tasbare blijk van sijn vaderlike vreugde in die vorm van 'n duisend pond tjek!

Maar wag," sê hij, "daar word geklop, dit is seker Dawie!"

Ja, so was dit ook. Bij hulle binne koms merk ou meneer Maritz op: "Dawie! Anna is van aand 'n weinig ongesteld, maar ik wil hoop dat julle daarom nie te min 'n genoeglike uurtjie met makaar sal deur breng. Nou, nag kinders!"

"Nag oom!" "Nag Pa!" laat altwee te gelijk hoor, en altwee inwendig blij om van oom ontslaë te wees.

Daarop stap Dawie ewe terneergeslaë naar Jannie, en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

neem toen langs hom plaas met 'n: "Goeie aand, mijn dierbaarste Annatjie. Dit spijt mij van harte dat jij daar so treurig uitsien! En wat skeel dit dan, mijn skat!"

"Seer oë!" antwoord Jannie, half huilend.

"En het mijn duifie dan nog nie 'n dokter hier gehad nie?"

"Ag, ja, die dokter was hier, en hij het mij géorder—'n week ten minste in die donker te verkeer."

"Maar het hij dan nie oogwater gegee nie, Hartjie?"

"Nee. Hij sê oogwater sal nie help nie, maar ik moet suurdeeg onder mijn toonnaëls sit, en gelijktijdig turksvijdoorns snuiwe ook!"

"Ag, mijn hemel! is die dokter dan be-n——, ekskuus Hartlam, ik het mij bijna verspreek, ik meen beduiweld. Waar in die naam van goedheid het jij al van sulke preskripsies gehoor?"

"Ja, jij sien, dokter sê dis die 'twaksak' seer oë, en niks anders wil daarvoor help nie."

Dit het vir Anna daar onder die tafel uiters moeilik gegaan haar lag te bedwing. En nieteënstaande sij haar sakdoek in haar mond geprop het, kon jij nie help so nu en dan 'n onderdrukte gekreun te verneem nie.

"O, mijn sonde," hervat Dawie, verslaë, "wat 'n treurige naam, twaksak-seer-oë! Hoekom dan twaksak, Hartjie?"

"Om dit net———"

"Ekskuus tog asseblief, Liefste! maar is hier dan 'n hond in die kamer? Hoe hoor ik dan so kort-kort knor daar onder die tafel?"

"Ag nee," helder Jannie op, "dis mijn skoen wat so skraap aan die tafelpoot!"

"O!" laat Dawie tevrede daarop volg. "Maar nou, wat sê die dokter?"

"Hij sê die mediese term is 'twaksak,' omdat jou oë opblaas nes 'n stijf-gestopte twaksak."

"Hartjie! ik wil jou nou nie beledig nie, maar dit kom mij voor als of die dokter wat jij hier had somaar 'n kwaksalwer kan wees."

"Kwaksalwer of nie kwaksalwer nie, maar als jij vir mij iets o'er het, gaan pluk dan vir mij 'n bietjie turksvijdoorns."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Ag, mij henning, kind! ik wil vir jou enige ding doen, maar ik is bevrees dat jij jou sal verongeluk met die ellendige turksvijdoorns. En jij weet, Hartlam! dis maar 'n vuil ding om in die donker mee te spook. Maar, waar sal nou die naaste plek wees om die goed in die hande te krij?"

"Hier kort bôkant bij die kerkhof, waar die water-voor die turksvij-bos deur kom."

"Bij die kerkhof?" verneem Dawie in alle erns. En weer word die geknor—soos Dawie dit genoem het—onder die tafel verneem.

"Ag, mijn hemel, Dawie! denk tog aan die onuithoudelike pijn wat ik te verduur het. Of is jij moëlik bang vir spoke?"

"Ne-e-e, ik is daarom nie juis BANG vir spoke nie, maar ik bodder nie graag bij 'n kerkhof in die donker nie. Maar vir jou, Hartjie! wil ik alles doen, al was dit ook wat."

En waarop Dawie ook vertrek het om die aan hom—deur sijn "dierbaarste Anna"—opgedraagde liefde-werk ten uitvoer te breng.

Pas was Dawie die voordeur uit in die donker, of die twee vaëbonde dwaal soos mal goed rond in die kamer met 'n onbeteuëlde lag.

"Jij het dit knap gedaan, Jannie!" lag Anna. "Ik kon dit nooit beter uitgevoer het nie, en," vervolg sij skaterend nog verder: "mijn teënwoordigheid daar onder die tafel het ik amper verraai met 'n skater lag, toen die gedagte bij mij opkom dat hij jou gister so skimpagtig 'sukkelaar' genoem het, en vanaand was dit weer Hartlam voor en Hartlam agter!"

"Maar," laat Jannie daarop volg, "dis nog glad nie klaar nie!" En waarop hij 'n laken van Anna gevra het, en die toen sorgvuldig omgehang; en haastig—en deur Dawie onopgemerk—hom met 'n ompaatjie begewe, en Dawie toen in die turksvij-bos gaan voorsit.

Net bij die kerkhof was 'n lappie turksvije, en wat in twee verdeeld was deur die water-voor wat daar deur gegaan het. Dawie het toen ewe virsigtig op die wal van die voor voortgegaan tot in die turksvij-bos, en toen met behulp van vuurhoutjies 'n aanvang gemaak met die pluk van die fijn doorns wat aan die vij self groei.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hij had so 'n papier sakkie, waarin hij die met moeite afgeplukte doorns gedaan het, maar so als kan begrijp worde het die o'ergroot meerderheid van die versamelde doorns in sijn vingers, in plaas van die sakkie tereg gekom. Ieder slag wat hij die vuurhoutjie-doos moes reg vat om 'n houtjie daaruit te haal, en daarop te trek, dan word daar so onder begeleiding van 'n onderdrukte knoop, die tot nog toe BIJNA doorn-vrij-hand ook verder rijkelik met doorns meegedeel.

Ondertusse het Jannie, met die groot wit laken om hom heengedaan, hande-vier-voet, en kreun-kreun op die wal van die sloot nader gekom in die rigting van Dawie. Toen hij omtrent tien tree van Dawie af was, terwijl die besig was die dokter te seën met onbeskrijflike agkantige en weerhaakagtige vloekwoorde, het Jannie met so 'n onaardse gekerm sijn teënwoordigheid bekend gestel.

Met 'n ander onkristelike tongvergrijping het Dawie sijn balans verloor, en op sijn rug in die sloot water te lande gekom.

Per ongeluk het hij, met die noodwendige verandering van posisie, die reeds met moeite vergaderde doorns uit die sakkie in sijn nek ontledig! Jannie het toen van die gunstige oënblik—terwijl Dawie besig was 'n bad te neem—gebruik gemaak en laat vat.

Dawie het ook so gou die omstandigheid dit toegelaat het geretireer huistoe, alwaar hij met sijn nat bas uitasem aangekom het.

Toen hij sijn verskijning gemaak het, was die wesenlike Anna op die sofa. En maar nog in die selfde bedrukte houding. Dawie was nog besig sijn sure ondervinding mee te deel; en sijn innerlike leedwese te kenne gegee, dat hij die met veel moeite—en soos hij dit toen genoem het—duiwels-doorns nie aan haar kan o'erhandig nie, daar sijn hals en vingers nou die ongelukkige besitters daarvan is, toen Jannie, nog in die rok gewaad gekleed, en met die laken o'er sijn arm gehang, ook sijn verskijning gemaak het.

Dawie het die bedrog toen gouër begrijp als wat ik in staat is dit te vertel, en met alle mag wou hij Jannie net spook! Maar werd daarin verhinderd deur die verskijning

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van ou meneer Maritz, die met die buitengewoon rumoer uit sijn kamer gekom het, ten einde die oorsaak daarvan te ontdek.

Ou meneer Maritz was morsdood verslaë, toen hij Jannie met 'n rok, en Dawie pap-nat en kliphart van die turksvijdoorns aantref!

"Wat makeer? Wat die ongeluk het julle aangevang? Anna wat beteken dit alles?"

Maar vóór dat iemand kans had antwoord te gee, val Dawie so boos als sewe leeuws in als volg: "Oom Gert, ik weet jij het dit met mij opreg gemeen, en ik met jou ook, maar daardie dogter van jou, en daardie skurk van 'n Smit, het vir mij, en vir jou ook, op 'n gruwelike en skandelike manier bedrieë," en waarop hij—voor dat iemand kans had iets te sê—met 'n veragtelike "goeië aand oom Gert," hom uit die voete gemaak het.

"Anna," laat oom Gert hom erg opgewonde hoor, "nooit het ik so iets van jou verwag nie. Jij breek mijn vaderhart!

En jij, skurk," terwijl hij hom naar Jannie wende, "ëers WOU ik dit nie toelaat nie, maar nou gebied ik jou om met Anna te trou. Verstaan jij mij nou goed?"

"Oom Gert!" laat Jannie hom hoor, terwijl hij, onopgemerk deur oom Gert, vir Anna knik, en waaruit sij begrijp dat Jannie munt wou slaan uit die misverstand, waaronder haar vader verkeer het, "toen ik met Anna WOU trou toen was jij daarop teë! Op grond—so het jij gesê—dat ik te arm was. Wel, oom het volkomelik gelijk, ik was te arm, en is dit nog, en daarom WIL ik nou nie trou nie!"

Oom Gert siet toen dat dit mening was, en was gevolgelik daardeur uit die veld geslaë, maar voor dat hij kans had iets te sê vervolg Jannie verder:

"Kijk hier, oom Gerrie! Oom is 'n man van besigheid, en ik ook. Ik wil gehoor gee aan oom se dringende versoek om met Anna te trou, maar dan op voorwaarde."

"En die voorwaarde is?" vra oom Gerrie half o'erbluf.

"Oom gee mij 'n wa en 'n span osse, twee honderd aanteel vee, en 'n honderd pond kontant; en dan kan oom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

maar self die trou dag bepaal." En met aangematigde erns vra hij daarop aan Anna: "Is jij daarmee tevrede, Anna?"

"Volkomelik!" laat sij beslis hoor.

"Jij het jou sin," laat oom Gert getroost daarop volg. "Morre moet daar werk van gemaak word, die licensie uit te neem, en die huwelik moet so gou moëlik plaas vinde ook!"

Daarop het oom Gert gaan slaap en die kinders aan hulle self o'ergelaat.

"Alla wereld!" sê Jannie terwijl hij die rok uittrek en dit o'er die stoel hang, "daar lê vir jou benoude ure."

"Maar die plan het daarom ekstra goed gewerk," lag Anna, en waarop hulle vir die eerste keer makaar 'n hartelike soen van wedersijdse gelukwens gegee het.

Veertien daë na die voorkamer konferensie was Jannie en Anna deur die vir hulle gelukkige huweliks band verenigd, en kon die tweetjies in liefde hulle lewe met makaar slijt.

Jannie het, tot innerlike vreugde van sijn skoonvader, getoon dat hij die regte man op die regte plek was, en het met rasse skrede vooruit geboer.

'n Jaar na die huwelik, toen oom Gert met die agt daë oud seuntjie van Anna op sijn skoot sit, merk hij laggend teën Jannie op: "Ja, julle vaëbonde, julle het nie alleen Dawie onderdeur gespring nie, en waarmee ik ook nou in mijn skik mee is, maar julle het mij ook met 'n slenterslag gevang, maar als al die slenterslaë met sulke goeie gevolge bekroond worde, dan is 'n slenterslag 'n seën."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die Donkerbos Spook.

STOFFEL BUCHLING was al 'n tamelike bejaarde ou jong kêrel, en die algemene gedagte, waarom dat hij nog nie getroud was nie, was omdat hij te bang was om saans laat te rij om te gaan vrij. Nou die in Stoffel se oë verkeerde opvatting het hom ter ore gekom, en hij het hom voorgeneem om aan almal wat hom so belaster het te toon dat hulle verkeerd was.

Stoffel het in die distrik van Tulbagh, net vóór Mosterts Hoek, gewoon. Vlak o'erkant sijn woning, o'er die rivier, het net 'n mooi dingetjie gewoon, en waar sijn plan naar toe was. Maar nou moes hij 'n geweldige draai rij om bij die brug te kom, want alhoewel 'n mens van hom af te voet met 'n korter paatjie reg deur die rivier kon, was dit daarom met 'n perd onmoëlik.

Kort onderkant die brug, aan die o'erkant, is 'n plek wat Donkerbos geheet het. Daar het vanmelewe 'n jong, selfmoord gepleeg, deur homself op te hang, en die sprake was dat dit daar saans te danig gespook het.

Bij DIE plek moes Stoffel virbij, en 'n paar van sijn maats het die ding agter gekom, dat hij op lang en laas 'n plan had om naar Mooi Annie (soos hulle haar altoos genoem het) te rij.

Toen hij die aand opsaal om te rij het twee van die kêrels somaar reg deur die rivier met die voetpaatjie gesteek, met die doel om Stoffel bij Donkerbos voor te lê, en tegelijkertijd sijn dapperheid op die proef te stel.

Hulle was 'n goeie half-uur vóór hom op die plek, en het toen ook maar dadelik begin om hulle planne agtermakaar te sit.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Daar het hulle in die groot plaat bosse, waarna die plek genoemd was, en waardeur die pad kronkelend gelei het, net kort om 'n draai—hoog o'er die pad—'n lijn gespan, waaraan hulle 'n pop, vervaardig uit mans-klere met gras gestop, op gehang het. In die mond van die pop had hulle 'n lang lont, wat toen ook aanbrand gesteek was nadat hulle Stoffel gewaar het.

Die twee kêrels het hulle toen weerskante van die pad versteek, om die beloop van sake gade te slaan.

Dit was 'n mooi maanskijn aand, en nieteënstaande dat Stoffel tot nog toe niks o'ergekom het nie, kan 'n mens begrijp (daar hij regtig bang was) hoe nader hij aan die spook-plek gekom het hoe ongeruster hij geworde het.

'n Grijsbok, wat o'er die pad gehardloop het, het sijn hare al laat rijs, en toen hij die donker plaat bosse in die nag alleen moes in, het 'n katkop uil, met die nare geluid wat so 'n dier kan maak, hom al bijna die dood op die lijf geja. En die sugtende geruis van die Breede Rivier daar onder in die kloof, gepaard met die moëlikheid om nog altemit 'n spook op die lijf te loop, was oorsaak dat hij bij homself geredeneer het, dat Mooi Annie bij-mij-seksie-waar daarom nie so mooi was nie, dat 'n mens jou in so veel onheils moes indompel ter wille van haar nie, "en wie weet," dag hij verder, "na al die vrees wat ik uitgestaan het, dalk nog puur verniet." Maar hij was nou al so ver, hij sal maar deur druk. "Want," dag hij, "draai ik nou hier om, dan sal die geskender omtrent mijn bangheid, in plaas van te verminder, nog vergroot word." En daarop gee hij sijn perd, wat ook maar 'n bietjie lewendig was, 'n raps, die toen ook net per ongeluk op die draai was, waar die pop gehang het. Die perd het met die raps skielik naar vore gespring, maar nadat hij die nare gedaante gewaar het met die brandende lont, en wat ook maar vir hom en sijn baas 'n baing onaardse voorkoms gehad het, het hij met alle mag vasgesteek en toen weer skielik omgeruk.

Stoffel het nie so 'n kronkelsprong van die dier verwag nie, en het natuurlik bitterlik teën sijn sin ook in die pad, in die onmiddellike teënwoordigheid van die "Bose Gees," op sijn rug te lande gekom, terwijl die perd homself met alle

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

haas verwijder het in die rigting van die plaas van waar hulle gekom het.

Stoffel het ook maar, so gou hij dit onder die omstandigheid kon, opgespring, met die doel om agter die perd aan huistoe te laat vat, en eer dat hij uit die bereik van die nare gedaante was, hoor hij so 'n onderdrukte gekreun van een van die kêrels wat sijn lag wou versmoor. "Ag, hemel!" skree Stoffel, "die ding leef nog," en loop toen soos 'n ekspres trein die bosse daaruit.

Die kêrels het haastig opgespring, en besluit hulle sal hom maar laat weet dat dit maar 'n grap was, waarop hulle hom toen agterna geroep het: "Stoffel!" Maar toen hij nou sijn naam hoor roep, toen praat hij net bôentoe, en voeg daar nog bij: "O, mijn tijd! hij ken mijn naam ook al," en hardloop nog 'n maal so hard.

Die twee kêrels het maar haastig hulle spook-inrigting daar van kant gemaak, en weer met dieselfde voetpad deur die rivier terug huiswaarts gekeer.

Hulle was nog vóór Stoffel bij die huis, en om suspisie voor te kom, maar gou-gou gaan slaap.

Kort daarna was Stoffel ook aangekom, en daar sijn bed in dieselfde vertrek was van sijn maats wat hom so die dood op die lijf geja het, het hulle natuurlik bij sijn binnekoms weer kasta wakker geskrik. "A, Stoffel!" sê die een, "jij is daarom vroeg thuis. Hoe lijk dit, sal jij die ding bij Mooi Annie reg krij? Of hoe?" Maar voordat Stoffel nog kon antwoord gee vervat die ander kamer-maat deur te vra: "Maar, Stoffel, hoe lijk dit dan vir mij of jij 'n bietjie te vroeg kan thuis wees? Was Mooi Annie dan nie thuis nie? Of het jij altemit die Donkerbos spook op die lijf geloop?"

"Ja, kêrels!" antwoord Stoffel met so 'n bewerige stem, "als ik julle nou sal vertel wat dat ik vanaand daar bij Donkerbos o'ergekom het, dan sal julle mij altemit nie eens glô nie, en wie weet, dalk nog die spot met mij ontmoeting van vanaand drijwe, en daarom sal ik maar liewers niks sê nie. En dat die gerugtes, wat hulle van tijd tot tijd van daardie plek verkoop het, waar is, sal IK nooit weer aan twijfel nie, en al was Mooi Annie met goud beslaan, dan sal

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ik mij bij-mij-seksie-waar nooit weer in die donker soontoe begewe nie."

Die kêrels het toen gemaak als of hulle te danig opgenome was met wat Stoffel vertel het, en het hom toen gerus gestel deur te sê: "Stoffel, nou maak jij ons waarlik nuwsgierig, vertel nou maar wat jij gesien het." Waarop hij toen alles, mooi omslagtig aan hulle, wat hom die aand o'ergekom het, vertel; maar pas was hij klaar, of altwee die vaëbonde het geskater van die lag.

"Ja," sê Stoffel ewe verontwaardig, "ik het geweet julle sal nie glô nie, maar ik wens van harte, dat so 'n ontmoeting julle eendag mag te beurt val, dan sal ons kijk waar dat julle lag blij."

Nou, 'n mens kan begrijp hoe dat die twee vriende met die Donkerbos gewaarwording van Stoffel, en wat hulle met soveel sukses bewerkstellig het, die aanhoudende spot gedrijwe het.

Stoffel het egter later ontdek dat dit 'n poets was wat die twee hom gebak het, maar het maar kasta vol gehou als of dit regtig 'n spook was wat hij ontmoet het. En het toen in die eensaamheid 'n plan beraam om die twee menere, wat hom so skrik gemaak het, weer met dieselfde munt uit te betaal.

Op 'n ander plaas, omtrent 'n half-uur teperd van waar Stoffel gewoon het, het twee broers Skoonraad (Dirk en Ernst geheet) gewoon. Hulle het baing van Stoffel gehou, en dit was juis met behulp van hulle dat hij op 'n plan gekom het om sijn twee kamer-maats, David en Hendrik Jonker, want so het hulle geheet, weer terug te betaal. Die drie vriende het toen 'n o'ereenkoms getref dat Dirk en Ernst elkeen 'n wit jurk, met swart strepe o'er die bors, sal laat maak, en wat percies op makaar sal gelijk. En met die jurk versiersel moet die een broer hom bij die moord-plek versteek, terwijl die ander een hom dan aan die duskant van die plek spook-bosse moet ophou. Stoffel sou dan 'n plan beraam om David en Hendrik op 'n gegewe tijd daar te krij, en sodoende weer HULLE manhaftigheid op die proef stel.

Nadat David en Hendrik nou naar hulle sin met Stoffel genoeg die spot gedrijwe het, het hulle aan hom opelik vertel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dat HULLE, en niemand anders, die spook wat hij op Donkerbos gekrij het veroorsaak het. Maar daar wou Stoffel kasta glad nie van hoor nie. "Nee," sê hij, "julle kan mij baing dinge wijsmaak, maar dat dit JULLE was wat die Donkerbos spook in die lewe geroep het, sal ik nooit glô nie. Nog van morre het ik weer gehoor dat twee mans teperd vir 'n paar aande gelede moes terug ja, weëns 'n onbeskrijflike swartbont-spook wat hulle daar gekrij het. En dit word nou algemeen geglô, dat met volle maan gen mens daar ongehinderd kan deur gaan nie."

"Dis als pure bog, Stoffel!" helder David beslis op, "DIE mense, wat weet te vertel dat dit op Donkerbos spook, weet nie wat dat hulle praat nie, en om jou nou te bewijs dat dit waar is wat ik nou hier sê, wil Hendrik en ik aanneem om jou te o'ertuig dat dit so is." En tegelijkertijd vra hij aan Hendrik of hij instem met wat hij gesê het? "O ja!" sê Hendrik, "seer seker, en ons hoef ook nie lank te wag om te bewijs wat jij gesê het nie, want morre aand sal volle maan wees, en dan sal ons, als Stoffel wil, om twaalf-uur morre nag daar wees, want dan is dit mos kasta, soos die bang mense sê, die beste spook-tijd." "Maar ons sal bij die brug moet om rij," las David in, "want die rivier is te vol om deur te loop."

"Goed," sê Stoffel, ewe in sijn skik, "dan sal ons morre aand om elf-uur hiervandaan vertrek, en als ons dan, soos julle meen, niks op die lijf loop nie, dan sal ik glô wat julle gesê het. Maar julle moet nou nie als ons MAG iets gewaar nie dalk weghol en mij in die steek laat nie."

Waarop altwee hardop gelag het, en daarbij gevoeg het: "Jij meen JIJ sal weghol en ONS in die steek laat, want als jij anders denk, dan ken jij die Jonkers geslag maar swak."

Stoffel het die aanmerking maar stilswijënd laat virbijgaan, en nog die selfde dag aan sijn vriende kennis gegee om hulle in gereedheid vir morre aand te hou.

Die volgende aand is Dirk en Ernst teperd met 'n opsij paatjie onopgemerk daar virbij, om alles bij Donkerbos in gereedheid te breng. Hulle was toen, volgens afspraak, in hulle spook gewaad gekleë, en hulle gesig en hande degelik met fosforus bestrijkt en toen posisie ingeneem.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dirk het homself toen bij die ophang-plek versteek, terwijl Ernst hom weer aan die duskant skuil gehou het, waar Stoffel met David en Hendrik bij hulle aankoms, volgens o'ereenkoms, moes afklim.

Soos die afspraak was, het Stoffel en die twee Jonkers dan op die aangegewe tijd, die aand om elf-uur, teperd naar Donkerbos vertrek. Op weg daarheen het hij 'n voorstel gemaak: dat hulle aldrie duskant die bosse moes afklim en dan te voet naar die spook-plek stap, so dat niemand dan, wanneer daar gevaar kom die kans sou hê om weg te ja nie. Die voorstel was algemeen aangenome, en hulle het so gemaak ook.

Dit was 'n skoon maanlig aand, en alhoewel dat David en Hendrik wis, dat al die spook stories aan Donkerbos verbonde maar versinsel was, het hulle tog maar nie alte gerus gevoel nie. Want wie weet, daar kan maar 'n ding gebeur wat 'n mens nie van weet nie.

Nadat hulle op die gegewe plek afgeklim het, en die teuëls van die drie perde aanmakaar vasgeknoop het, het hulle voort gestap. Terwijl hulle op weg was in die dikste van die plaat bosse naar die plek waar dat die jong hom opgehang het, word hulle aandag naar 'n buitengewoon voorwerp getrokke. Daar siet hulle vlak onder die boom, waar die skepsel self-moord gepleeg het, 'n wit gedaante waarvan die ribbetjies—soos hulle gemeen het—sigbaar was, en die gesig en hande daarvan was ene vuur! "Wat," sê David en Hendrik, ewe verskrik tegelijk, "is dit?" terwijl die gedaante so 'n "swewende" beweging in hulle rigting maak.

"Wat," vra Stoffel ook te danig verskrik, "wat sien julle?"

"Ag, man!" antwoord Hendrik, so half binnensmonds, "is jij dan blind? Kan jij dan nie daardie swart-bont gees sien nie, wat hierna toe kom nie?"

"Nee," sê Stoffel, "ik sien niks nie, dit lijk vir mij julle is deurmakaar." En net met die laaste woorde van Stoffel, strek die "gedaante" sijn twee arms uit!

Waarop David en Hendrik met 'n paar onbeskrijflike vloeke omgeruk het in die rigting van die perde om, nieteënstaande hulle belofte, tog maar weg te ja. En in plaas

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die perde te krij waar hulle die gelaat het, staat daar, soos hulle gemeen het, weer dieselfde gees, nog met uitgestrekte arms, en nog net so swart-bont en vol vuur.

Was die rivier nou nie so vol nie, dan kon hulle maar met die voetpad daardeur huiswaarts gekeer het, daar hulle pad naar die brug deur die gees afgesnij was. En gevolgelik het hulle somaar die berg ingevlug.

Die sogenaamde spook het hulle vlug nog vermeer deur hulle 'n goeie end agterna te sit, om tegelijkertijd 'n kans te maak om sonder die wete van die vlugtelinge met al die perde voort te gaan.

Nadat David en Hendrik so verward die berg daar ingevlug was, het Stoffel en sijn vriende haastig op hulle perde geklim, en met hulle die o'erige twee perde saam geneem. Bij die brug—aan die o'erkant—het Stoffel homself met al die perde versteek, terwijl Dirk en Ernst met hulle spook-gewaad aan ieder kant van die rivier—op die brug—die wag gehou het.

Hulle het hulle toen langs die brug versteek om wanneer dit nodig was hulle verskijning te maak. Omstreeks een-uur die morre kom David en Hendrik ewe haastig naar die brug toe, op weg naar huis.

Die tweetjies was net pas op die brug, of hier was dieselfde gedaante vlak agter hulle! Met eens het hulle, so hard hulle kon (want die vrees was maar nog erg in hulle) naar die ander end van die brug geloop, sonder om om te kijk, maar daar ontwaar hulle weer tot hulle grootste skrik dieselfde afgrijselike verskijnsel.

En daar hulle van oordeel was dat DIE gees die mag had om hom waar en wanneer hij wil te vertoon, het hulle, sonder om terug te hol, somaar haastig langs die brug-pale tot bij die water afgeklim, gedagtig aan die storie van "Klaas Geswint en sijn perd,"—'n spook is nes 'n bok-kapater, hij loop nie somaar deur die water." En daar hulle bij uitstek goeie swemmers was, het hulle maar getrag om in hemels naam maar huiswaarts te SWEM.

Stoffel en die "geeste" het van die gunstige oënblik, terwijl David en Hendrik in die water was, gebruik gemaak,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en onopgemerk laat vat. Stoffel het bij sijn aankoms thuis haastig die drie perde in die stal besorre, en gaan slaap, terwijl die ander twee virbij gerij het naar hulle woning.

'n Klein rukkie daarna het David en Hendrik so nat als katte opgedaag, en bij hulle binne koms in die kamer, het Stoffel op sijn beurt weer kasta wakker geskrik, en toen 'n kêrs opgesteek. "Waar," vra hij, "kom julle dan so nat vandaan? Het julle somaar met die voetpad deur die rivier gekom?"

"Nee," antwoord Hendrik, "ons het AMPER o'er die brug gekom, maar die Donkerbos Gees het, nadat hij ons eers die berg lingeja het, daar op die brug ons weer so vas gekeer, dat ons genoodsaak was langs die brug-pale af te klim en deur te swem."

"O mij liewe tijd, kêrels," sê Stoffel, "IK het tog nog vir 'n ding geskrik deur julle veroorsaak, en wat maar baing swak van mij was, dit wil ik erken, maar julle het vir niks anders als vir julle eië skadewe geskrik, want ik was saam met julle daar, en ik het niks gesien waar ik nodig had voor te hardloop nie, en nadat ik nog so 'n goeie ruk daar naar julle gesoek, en niks van julle gewaar het nie, het ik maar ons perde gevat en huistoe gekom. Ja," vervolg Stoffel verder, "nou glô ik regtig dat dit julle was wat mij die aand so bang gemaak het, maar waarvoor julle vanaand, nadat julle so groot gepraat het, so puur verniet die kranse daar ingevlug het weet ik nie, en nou is ik volkomelik in mijn gemoed o'ertuig, dat al die stories van Donkerbos maar altoos pure leuëns gewees het."

"Ja," sê David en Hendrik altwee tegelijk met 'n sug, nadat hulle uit die nat pakke was, en hulle nag klere aan had, "jij kan maar sê wat jij wil, en vir ons part GLÔ ook maar wat jij wil, maar één ding is seker: die Here bewaar ons dat ons nooit weer met die Donkerbos spook die spot sal drijwe nie."

Tot groot verontwaardiging van David en Hendrik het Stoffel uitgebars van die lag, en innerlik het hij hom in die spreuk verheug: "Wie die laaste lag, lag die lekkerste."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

God Laat Hem Nie Bespot Nie.

ETTELIKE jare gelede het daar 'n man in die Vrijstaat gewoon, met die naam van Jean du Preez, en waarvan die leser makkelik sal kan aflei dat hij 'n afstammeling van die Franse vlugtelinge moes gewees het. Ja, so was dit werkelik ook. Hij was nie alleen 'n afstammeling nie, maar hij het ook hulle sedes en godsdienstige gewoontes blij behou, en dis maar alte jammer dat dit nie meer van al die Franse afstammelinge kan gesê worde nie.

Du Preez was, in die tijd waarvan ons skrijwe, ongeveer 'n dertig jaar oud, wel geboud, en met sijn ligte krul-haar en baard, gepaard met twee donker blou oë, waarin erns gefonkel het, het hij altoos bij die met wie hij in aanraking gekom het 'n groot mate van respek verworwe. Sijn innerlike godsdienstige karakter, gepaard met sijn mensliewendheid, had ten gevolge dat hij menig siel van 'n dwaalweg terug gebreng het.

Hij was die eiënaar van verskeië aaneengrensende plase, en gevolgelik had hij ook baing bijwoners, die dan ook, soos verstaan kan worde, onder so 'n baas in 'n sterk sin in al die voorregte van 'n bijwoner, so wel op geestelik als op tijdelik gebied, gedeel het.

Du Preez het sijn kristelike pligte nooit verwaarloos of versuim nie, en het altoos, waar hij dit sijn plig gevoel het, die onverskillige—hetsij deur moedwil of onkunde—gewaarsku. Bij die groter deel van sijn omgewing het dit, omdat hij hom so minsaam en ernstig kon voordra, 'n gunstige uitwerking gehad, bij andere weer die teëno'ergestelde.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nou dit moet ons glad nie verwonder nie, want ons eië geestelike ondervinding het ons geleer: hoe ernstiger die poginge is die aangewend worde ter bevordering van die sieleheil, hoe heftiger word die teënstand van die Satan, en veroorsaak dit bij menig geestelik onkundige so 'n sterk mate van onverskilligheid, dat nieteënstaande die nederbuiënde en ontfermende genade van die liewe Heer, die sodanige tog verlore gaan.

Onder die bijwoners van du Preez het sig 'n man bevinde met die naam van Gerhardus Dwarsbeek. Dwarsbeek was bitterlik gekant teën die waarhede van die Bijbel, en omdat hij wis dat du Preez die teëno'ergestelde sienswijse gekoester het, het hij hom maar so veel moëlik uit die vuur van du Preez gehou. Maar omstandighede wou dit nou so, dat hulle makaar eendag in die woonhuis van du Preez moes ontmoet. En daar moes Dwarsbeek teën wil en dank o'er die dinge wat betrekking het op die ewigheid redeneer.

"Kijk hier, meneer Dwarsbeek," so begin du Preez, "dit is mij verteld geworde deur vertroubaar persone dat jij so bitterlik gekant is teën die geestelike dinge. En weet u, daar ons tog almal reisigers is naar die ewigheid, het ik dit mijn plig geàg om bij die eerste geleëndheid met jou daar o'er te praat. En, meneer Dwarsbeek, ik wil vertrou dat jij mij dit nie ten kwade sal duië nie, want ik doet dit nie om mijself op die voorgrond te stoot nie, maar omdat ik, soos ik reeds gesê het, dit mijn plig àg, en ook omdat ik jou onverskilligheid als redelike en verantwoordelike wese van harte betreur."

Dwarsbeek was 'n welgeboude man, tamelik geset. En sijn hoë agtero'er-vallende voorhoof, versierd met swart krulhaar, en daar bij erg krom neus, het jou dadelik onder die indruk gebreng dat jij met 'n klas van mense te doen het wat met die grootste aandag kan luister naar enige rede, maar sodra hulle die kans krij, hulle hardnekkige teënstand toon, en dan met so 'n aangematigde spreekwijse jou dedelik wil laat begrijp, dat hulle beter op die hoogte van sake is als enig mens ter wereld, en gevolgelik uit die aard der saak

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onvatbaar vir enig o'ertuiging, hoe welgemeend of nuttig ook.

Nadat du Preez in alle erns gesproke had, het Dwarsbeek hom als volg laat hoor: "Meneer du Preez, omdat ik op jou grond woon het ik natuurlik jou gesêlskap so veel moëlik vermijë, omdat ik wis dat jij ook een van die "vromes" was, en dit mij te pas gekom het, wou ik jou gevoelens nie kwes nie, maar langer kan of wil ik dit nie uithou nie, en sal jou maar reguit sê dat ik van jou vroom praatjies niks glô nie."

"Maar meneer Dwarsbeek," hervat du Preez, "als verantwoordelike wese moet jij tog daaraan denk, dat jij eenmaal in die ewigheid sal moet rekenskap gee van jou dade, en teëno'er jouself sou dit tog nie meer dan reg en billik wees, aangesien jij dit met 'n lankmoedige God te doen het, Hem jou skulde te belij, en Hem om vergiffenis te vra, want onthou dit! Sijn lankmoedigheid kan 'n ent neem, en dan kan dit altemit vir jou te laat worde."

Vóór dat du Preez verder kon praat val Dwarsbeek hom in die rede deur te sê: "Alles wat jij nou daar gepraat het mag vir jouself baing mooi wees, ik vir mij glô daar niks van nie!" En op so 'n uitdaënde en God-tergende manier, tewijl hij besig was die huis te verlaat, laat hij verder daarop volg: "Kijk hier, meneer du Preez, als dit waar is, soos jij beweer, dat daar 'n God is, laat Hem mij dan in mijn graf donder!"

Du Preez was so uit die veld geslaë met die vreeslike uitdrukkinge van die woestaard, dat hij op die oënblik sprakeloos was. Vóór dat hij egter iets kon sê was Dwarsbeek die huis uit, en die daarop volgende dag het hij sijn goetjies opgepak en met sijn familie naar 'n vreemde oord vertrek.

Twintig jare na die hierbôwe vermelde voorval moes du Preez 'n reis onderneem. In die distrik B. is hij een namiddag strijks van drie uur op 'n plaas aangekom. Net toen hij die woonhuis in gesig kreeg, siet hij dat daar iets buitengewoon aan die gang moes wees, deur dat daar so baing mense op die werf aanwesig was.

Bij nader ondersoek, nadat hij uitgespan het, het dit toen geblijk dat dit 'n lijkrede was wat aan die gang was. Na afloop van die lijkdiens, op weg naar die kerkhof, werd

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

aan du Preez, deur 'n vriend van hom, van Rensburg geheet, en wat die gestorwene goed geken het, die volgende meegedeel: "In lewe," so begin van Rensburg, "had ik die voorreg die ongelukkige man te ken. Hij het die toepaslike naam van Dwarsbeek gedra. En dis wonderlik, neef! hoe dat die naam van 'n persoon in menig geval sijn karakter aanduië, Vir die afgestorwene kon jij nooit 'n geskikter naam gekrij het nie, want 'n verkeerder mens het ik nooit in mijn lewe aangetref nie.

Oppervlakkig beskoud, lijk dit nou als of ik van die o'erlede man wil kwaad praat, daar die algemene gesegde is, dat enig mens na sijn dood geprijs word, en waarmee ik mij in die minste nie kan verenig nie, want daar leef nog enkele mense wat, als hulle vóór mij moet sterwe in die toestand waarin hulle vandag in leef, ik hulle voorwaar nie sal prijs nie. En daar is ook al baing mense dood, wat volgens hulle lewenswijse, en waaronder die ongelukkige Dwarsbeek inbegrepe is, niks anders gedaan het nie, als om hulle God en Maker oneer aan te doen, en sodoende vir hulle 'n naam verworwe het wat ver weg meer te betreur als te prijs is, en om dan tot LOF van sulke persone te praat, is van jou hart 'n moordkuil te maak, en die naam van jou God smaadheid aan te doen.

Twee daë gelede," so vervolg van Rensburg, "omdat Dwarsbeek so 'n roekelose mens was, had ik 'n gesprek met hom o'er sijn onverskilligheid, en het hom toen in alle liefde vermaan om tog virsigtiger te wees, daar God eenmaal als Regter hom sal oordeel.

Bitterlik het hij mij beledig, en sulke vreeslike God onterende uitdrukkinge gemaak, dat almal wat hom gehoor het verstomd was. Slegs 'n uur daarna is die woestaard bewusteloos inmakaar gesak, en vóór dat iemand nog in staat was hom te help, was hij reeds die ewige verderf binne geslinger!"

"Ja, neef van Rensburg," laat du Preez hom hoor, terwijl die trane hom langs die wange afrol, "ik had ook twintig jare gelede die treurige voorreg o'erlede Dwarsbeek te ken. Sijn roekeloosheid was oorsaak dat hij ons distrik verlaat het, en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die laaste woorde dat ik nog uit sijn mond verneem het was: 'Als daar 'n God is, laat Hem mij dan in mijn graf donder!'"

Op weg naar die graf het die wolke al lanksamerhand same gepak, en in die verte kon 'n mens ook al die dreuning van die weer verneem het, die al nader en nader gekom het. Uit vrees vir die aankomende storm het hulle maar so gou moëlik gemaak om die lijk begrawe te krij. En net toen die kis op die dwarsbalkies o'er die graf geset werd, skiet daar 'n blits-straal uit die hemel neer, gepaard met 'n vreeslike en oor-verdowende slag, dat ten gevolge had dat die stoflike o'erskot van die ongelukkige Gerhardus Dwarsbeek werkelik in sijn graf "gedonderd werd!"

Gen druppel reën het geval nie. Onder 'n doodstilte werd die uit die kis geslaë lijk met aarde bedek, en daarna is almal huiswaarts gekeer.

In 'n gesprek op weg naar die huis merk du Preez aan sijn vriend op: "Hoe wonderlik is tog die weë van die Here! Hier moet ik die getuië wees van die verhoring van 'n gebed van 'n God-lasteraar in mijn teënwoordigheid uitgesproke."

"En," las van Rensburg aan, "andermal vir ons 'n bewijs hoe versigtig dat ons moet wees, en tog nie moet dwaal nie, want God laat Hem nie bespot nie."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dokter Abdol Moerat.

MENEER ADRIAAN VAN NIEKERK (Kwaai Adriaan, soos hij in die wandeling genoem was), was 'n inwoner van die distrik P., K.K., en eiënaar van die plaas Tierkloof. Tierkloof was bij uitstek 'n eerste-klas plaas: volop water, en met sijn ou Hollandse woonhuis met hoë stoep en geboud op 'n groot kaal plein, wat weer omringd was aan die buitekant van die werf-grens met allerhande soorte van nuttige bome, het 'n fraaie vertoning gemaak aan die voet van die hoë berg waar dit geleë was.

Van Niekerk wou hom nooit van enig mens ter wereld laat beweë het nie om bome op die werf te plant nie, daar hij van oordeel was dat 'n werf altoos, so veel moëlik, moes ope blij, so dat 'n mens met één oog-wenk, sonder beslommering, die hele terrein in oëskou kon neem.

Adriaan het volkomelik beantwoord aan die bij-naam van "Kwaai." Want alhoewel bij uitstek 'n eerlike en oppassende boer, had hij 'n humeur wat baing o'ereengekom het met die dier waarna sijn plaas genoemd was: "'n tier." Maar so lank als jij Adriaan nie gehinder het nie, was hij helemaal 'n skikkelike man, en kon jij goed met hom o'er die weg kom, maar als jij probeer om met een of die ander kronkelsprong bij hom aan te kom—pasop dan!—netnou sal jij dit gewaar.

Die oudste dogter van die familie van Niekerk, Johanna geheet, was 'n mooi en minsaam kind, maar was al vir die laaste jaar lijdende aan 'n kwaal waarvan niemand, self die dokters ook nie, 'n uitleg kon gee nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nou, hoe dat die humeur van Adriaan ook al gewees het, tog was hij innerlik verkleefd aan sijn vrou en kinders, en het hij in tijd van siekte altoos alles gedaan wat kon dien tot hulle herstelling, maar ongelukkig het in die geval van Johanna, nieteënstaande hij alle denkbare middels al gebesig het, tot nog toe alles vrugteloos geblijk.

Op sekere dag was één van die bure, Gert Bugling, op Tierkloof om te kuier, en het toen gemerk dat Johanna aan die agteruitgang was, en dat dit natuurlik, soos kan verwag word, 'n neerslagtige indruk op die ouërs gemaak het.

Gert wis toen van net so 'n geval kortbij, waar die dogter van sekere familie Koerland ook aan so 'n slepende kwaal gelij het, maar nou weer volkomelik hersteld was. Deurdat hulle, nadat alles tot haar herstelling vrugteloos geblijk het, die hulp van 'n vermaarde slamse dokter aan die Kaap, met name Abdol Moerat, ingeroep het.

Adriaan wou nie eers daarvan hoor nie om 'n slamaier o'er sijn kind te laat dokter nie, maar Gert het hom die ding so mooi en breedvoerig uitgelê dat hij uiteindelik besluit het om dit op 'n proef te stel. "Feitelik," so dag hij, "kan dit tog gen kwaad aanrig nie, en, wie weet, dalk kan ons daar nog baat bij vinde."

Maar van Niekerk wis ook al 'n bietjie van die slamse streke, en dag toen verder, dat dit onder alle omstandigheid ook gen kwaad kan doen nie om op jou hoede te wees nie.

Die volgende morre word op bevel van Adriaan 'n veerwaëntjie, met ses netjiese perde daarvóór ingespan, voor die deur gebreng, en waarmee hij en twee van sijn slawe naar die Kaap gerij het om Dokter Moerat te haal. Moerat was dan ook "toevallig" thuis, en het meneer van Niekerk gelukkig geàg dat hij hom bij die huis gekrij het, want hij was in die laaste tijd so erg besig dat hij werkelik nie wis hoe om sijn draaie te maak nie; maar aangesien die saak van meneer van Niekerk so dringend was, sou hij maar dadelik meegaan. Die ander pasiente moes dan maar nog 'n bietjie geduld gebruik. Nadat die diere goed gevreet en uitgerus het word die waëntjie ingespan, en Adriaan was weer op weg, met sijn slamse dokter, terug huis toe.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Abdol Moerat was 'n welgeboude slamaier van omtrent vijf voet ses duim hoog. Sijn lank keel-grijsbaard was 'n aanduiding dat hij nie alte jonk meer kon gewees het nie. Met sijn slamse kleredrag: kaparrangs, 'n groot van palmiet gevlegte hoed (toering), en nieteënstaande hij erg vriendelik was, het hij tog nooit 'n alte gunstige indruk gemaak op die met wie hij in aanraking gekom het nie; want daar was iets in sijn gelaat wat jou aan geslepenheid laat denk het, en bij sijn welsprekenheid kon hij nooit die persoon met wie hij praat direk in die oë gekijk het nie.

Die dag nadat die gesêlskap op Tierkloof aangekom het, het Moerat begin met sijn ondersoek. Johanna moes toen volgens die versoek van die dokter voorkom. Hij het haar net so met 'n glimlag besigtig, en toen 'n boek te voorskijn gehaal uit 'n handsak wat hij bij hom had.

Nadat die dokter so 'n rukkie in die boek gelees het, uiter hij so singend die slamaise woorde: "Allah Akbar! Allah Akbar!" (God is groot! God is groot!) en het Johanna toen weer met alle erns in oëskou geneem.

Daarna het hij 'n botteltjie medisijne te voorskijn gebreng, waarvan hij één eetlepel vol aan haar gegee het om te drink, met die volgende instruksies: "Nou moet die klein juffrou haar gesig o'er hierdie boek hou" (waarin hij so pas gelees het).

Johanna het in die teënwoordigheid van almal letterlik so gemaak als wat van haar deur Moerat gevorder was. En terwijl sij so geboë o'er die geopende boek staan, begin Moerat weer met die half-praat-half-sing stem: "Bismillahi! Arrachmani! Arrocheemi!" (in die naam van die mees genadige en ontfermende God.) Daarna draai hij hom naar Adriaan, en met sijn oê op die grond geslaë sê hij: "Die klein juffrou kan nou maar weer gaan lê." En nadat Johanna haar uit die vertrek verwijder had, vervat hij ewe ernstig: "Sij is, net soos ik verwag het, 'getoor,' en ik sal vandag niks kan maak nie, want ik sal vanaand eers die BOEK moet raadpleë om uit te vinde waar dat die toorgoed verborre lê; en vóór dat ons die nie eers uithaal nie, sal die klein juffrou nooit gesond word nie."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die aand word vir Moerat 'n kamer op stoep aangewijs vir sijn nagverblijf. Een van die ou slawe-volk moes, op bevel van Adriaan, saam met die dokter in die kamer slaap. Die dokter was eers, het dit gelijk, 'n bietjie ontevrede, maar Adriaan was van oordeel dat dit beter sou wees, want Moerat kon skielik in die nag iets nodig krij, en dan had hij niemand om te stuur nie. Waarop die dokter ingewillig het.

Die ou slawe jong wat die aand bij die dokter moes gaan slaap, was 'n deur-en-deur goeie en vertroubaar ou skepsel. En die agtermiddag het sijn baas aan hom, in die eensaamheid, die volgende orders gegee: "Kijk, Simon" (want so het hij geheet), "jij moet vanaand bij die slamse dokter in die stoepkamer gaan slaap; maar ou jong! jij moet jou oë terdeë oop hou. Morre hoef jij nie te werk nie, dan kan jij die hele dag slaap, maar vannag moet jij wakker blij. Kijk, Simon, jij moet jou maar in die slaap hou, en so veel moëlik snork ook. En bespeur jij dan gedurende die nag, dat hij 'n beweëing maak om naar een of die ander plek te gaan, dan moet jij o'er die onderdeur loer om te sien waar hij naar toe gaan, en wat hij gaan maak. Het jij nou goed gehoor, Simon?"

"Ja, ou seur," was Simon se nederige antwoord, "en ou seur kan daarop reken dat ik net so sal maak soos ou seur vir mij gesê het."

Die aand, nadat ou Simon die kamer binne gegaan was, het Adriaan nog so 'n rukkie met Moerat op die stoep gesit en gesêls om, als dit moëlik was, iets bij hom uit te lok. Maar die Slams was 'n bietjie te ouderwets, en het niks laat glip nie.

Op 'n vraag van Van Niekerk of Moerat nou seker was dat sijn dogter getoor was, was die antwoord: "Ja, seker, meneer van Niekerk! Dat sij getoor is val in die minste nie aan te twijfel nie. En om te WEET dat sij getoor is sal nog niks help nie; maar die groot kuns lê daarin om uit te vinde HOE dat sij getoor is; en vóór dat ons DIT nie ontdek nie sal sij nooit gesond word nie."

Kort daarna het Moerat sijn ekskuus gemaak, en stap toen met 'n "goeie nag, meneer," in die rigting van die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kamer deur, en laat nog dit ten slotte hoor: "Meneer kan maar gerus wees, ik is seker daarvan dat Allah mij vannag —net soos aan Hagar die fontein—die geheim, wat ons trag te ontsijfer—sal openbaar."

Adriaan het ook maar gaan slaap, met die volle bewustsijn dat Simon enig bedrog, als daar so iets mag wees, en waaraan hij in die minste nie getwijfel het nie, sal ontdek.

Die volgende morre, dag-breek, het Simon sijn ou Baas gaan op-klop, en toen aan hom meegedeel dat hij so gemaak het soos sijn ou seur vir hom gesê het. Hij het hom aan die slaap gehou, en so van omtrent tien-uur af het hij begin snork. Omtrent twaalf-uur het die slamaier toen stadig opgestaan en iets uit die handsak geneem, en ewe virsigtig in die rigting van sijn (Simon se) bed genader om seker te maak dat hij aan die slaap was. Toen Simon nou gewaar dat Moerat hom beluister, het hij nog 'n bietjie harder gesnork.

Behoedsaam het die dokter toen die deur oop gemaak en voort gegaan. Pas was hij die stoep af, of Simon was op sijn pos bij die onderdeur, om die beweëinge van die slamaier noukeurig gade te slaan.

Daar dit 'n pragtige maanlig nag was kon Simon, sonder dat hij nodig had sijn skuilplek te verlaat, met sijn oë die beweëinge van Moerat volg. Hij siet toen dat die dokter haastig loop met 'n reguit voetpad in die rigting van 'n enkele boom op die werf-grens, en daar toen iets begrawe.

Kort daarna het hij weer haastig terug gekeer naar sijn kamer, alwaar hij Simon, tot sijn grootste vreugde, nog snorkende gevinde het.

"Die Slams," so vervolg Simon, "het toen gaan slaap, en slaap nou nog, en ou seur sal nou verder self weet wat om te doen."

"Ja, Simon," antwoord sijn ou seur, "jij het jou helemaal knap gedra, loop slaap nou maar, en rus jou weer goed uit. Ik sal sien dat jij nie gehinder word nie. En wat die slamse bedrieër betref, kan jij maar gerus aan mij o'erlaat. Ik sal netnou met hom afreken."

Kort na sonop het die dokter met die geopende boek, en met so 'n binnensmondse gemompel uit die kamer te voorskijn gekom.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nadat hij meneer van Niekerk gegroet het, vra die aan hom : " Wel, Abdol, hoe lijk die affêre vir jou nou ? "

" O, meneer van Niekerk ! " so begin hij, " Allah het, soos ik verwag het, mij die hele geheim geopenbaar. Ik weet nog nie die juiste plek waar dat die toorgoed begrawe lê nie, maar die sal Allah nog verder aan mij bekend maak."

Op bevel van die dokter moes almal op die stoep staan terwijl hij besig was die " toorgoed " op te spoor.

Moerat loop toen met die geopende boek op die werf rond, terwijl hij besig was om daarin op die slamse singmanier te lees. Eers het hij KASTIG in 'n verkeerde direksie geloop, maar slaat toen weer 'n ander koers in, totdat hij op die plek (deur Simon aan sijn Baas aangeduië) gekom het.

Daar het hij toen die boek op die grond neergelê, en daarnaas gekniel. Moerat het toen ewe eerbiedwaardig sijn twee arms naar die hemel uitgebrei, en toen so hard gepraat dat jij woord vir woord op die stoep kon hoor. Daarna het hij in die grond gegrawe, en uiteindelik is hij met groot gejuig, met 'n pakkie, wat hij daar uitgehaal het, naar die huis gekeer. Moerat het toen op die stoep, in die teënwoordigheid van almal, onder 'n gemompel van slamse woorde die pakkie oop gemaak.

Die inhoud daarvan het bestaan uit kat-naëls, één krapknijper, aasvoël-bek, 'n klompie krom spelde, en nog 'n bolletjie hare.

" Hier," sê hij, " meneer van Niekerk, het ons nou die hele affêre in die hand ! En sodra ons dit nou verbrand het, en die as daarvan op lopende water strooi, dan sal die klein juffrou binne één week daarna volkomelik hersteld wees."

" Maar, Abdol," begin Adriaan, " die dogter is dan al so lank siek, hoe lijk die goed dan wat jij daar uit gehaal het nog so vars ? "

" A, meneer," antwoord Moerat met 'n lag, " dit is juis waar die moeilikheid van toorgoed inkom ! " en vervolg toen, " die goed kan sewe jaar onder die grond lê voor dat dit bederwe, want sodra dit tot bederf o'ergaan dan hou die siekte van so 'n getoorde op."

Daarna het Moerat 'n vuur gemaak en die toorgoed in 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ou pot-deksel gesit, en toen so veel moëlik laat verbrande. Die as daarvan het hij toen op lopende water gestrooi, gepaard met nog oneindig baing slamse ceremonies. Die boek word nou sorgvuldig in die handsak gebêrre, en Abdol Moerat, die vermaarde toor-dokter, stap ewe seëvierend naar die huis om sijn beloning te ontvang.

Bij sijn aankoms bij die huis vra Adriaan toen aan hom of alles nou in die order was, en wat dat hij moes betaal.

"Alles is nou in orde, meneer van Niekerk, en die mooiste nog sal wees, dat onmiddellik nadat die klein juffrou hersteld is, dan sal die man wat haar getoor het, die erfgenaam worde van die siekte waaraan sij so lank gelij het. Mijn koste het ik so min als moëlik gemaak, dit sal maar drie honderd rijksdaalders wees. Dit moes eindlik meer gewees het, maar daar ik die oorsaak van die siekte gouer als dat ik verwag het ontdek het, sal ik nie meer vra nie."

Van Niekerk het toen al gekook, maar het hom maar kalm gehou. "Kom maar huis toe," sê hij ewe kortaf.

Moerat moes toen so lank in die huis wag totdat Adriaan terug was met die geld.

Adriaan het toen haastig ses slawe buite geinstrueer om 'n vat uit te rol en daarna dadelik weer terug te kom.

Nadat die slawe die bevel uitgevoer had, was hulle almal weer voor die deur, om die verdere instruksies op te volg.

"Volkies," so begin Adriaan, "kom vat hierdie vaëbond van 'n toor-dokter en trek hom op daardie vat wat julle uitgetrol het oop."

Moerat het natuurlik die laaste bevel gehoor, waarop hij ewe verskrik gesê het: "Meneer van Niekerk, ik het baing van jou gehoor, maar jij moet tog asseblief nie vanmorre so 'n dwaas stuk aanvang nie. Laat mij maar liewers loop, en ik sal jou alles vrij skel!"

Maar Adriaan wou hiervan glad nie hoor nie, en voeg daar nog bij: "Jij mag altemit BAING van mij gehoor het, maar vanmorre sal jij die voorreg hê om baing van mij te PROE ook."

Op 'n wenk van Adriaan word Moerat deur die slawe op

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die vat oop gespalk, en ontvang toen als betaling vir die drie honderd rijksdaalders, vijf-en-twintig houë met 'n sambok.

Onder grote toejuiging van die slawe en almal op die werf (want die bedrog van die dokter was nou algemeen rugbaar), was Abdol Moerat binne weinige minute daarna weer op weg naar die Kaap, maar die slag te voet.

Moerat het uit die Kaap laat weet dat die dogter nooit weer sal herstel nie, maar dit was ook mis, want 'n maand na die hierbôwe vermelde voorval, het sij deur 'n eenvoudige huismiddel weer haar gesondheid terug gekrij.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Japie Wildeman.

MET 'n sug neem meneer Johannes Wildeman, in sijn welverligte slaap vertrek, naas sijn gade plaas, terwijl hij in diep gepeins met bijna tasbare swaarmoedigheid sijn van verdriet vervalle gelaat in sijn hande verberre.

"Ag, Johannes," merk sijn gade op, "ik denk nie dat ons reg doet om so te murmureer nie," terwijl sij die vrij vloeiende trane, die nes pêrls o'er haar wange rol met haar reeds deurweekte sakdoek wegdroë, en snikkend blik op die vervalle gelaat van haar enigste en skijnbaar sterwende seuntjie op haar skoot.

Johannes was so aangedaan dat hij sijn gade nie eens terug geantwoord het nie. En snikkend vervolg sij verder, "Ag, ik sou graag wil troos, maar o, hoe het ik tog self troos nodig? Net die gedagte dat ons haas van ons enigste, ons liefste Japie, deur die onverbiddelike dood moet geskeië worde, is voldoende om mij onder die sware las van beproewing te laat beswijk."

Met eens gee die skijnbaar sterwende seuntjie so 'n ruk, gepaard met 'n vir die ouërs skrikwekkende gekreun, en wat ten gevolge had, dat die vader met 'n vaart opspring om o'er die skouër van sijn liewe gade die wending van die siekte met gespanne aandag gade te slaan.

Bôwegenoemde voorval had plaas op Ceres, Kaap Kolonie, in die woonhuis van meneer en mev. Wildeman.

Die tijd waarvan ons skrijwe was in die jaar 1876, en die toedrag van sake was korteliks so: Johannes Wildeman was 'n man van omtrent 'n dertig jaar, en had 'n bij uitstek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vriendelike en nederige voorkoms. Sijn gade 'n skraal vroutjie van omtrent vijf-en-twintig somers, met 'n welgevormde gelaat, was beroemd deur haar minsaamheid, en was die vrolikheid self.

Die wedersijdse vrolike gemoedstemming van die egpaar had ten gevolge dat hulle lewe een van voorspoed en genot was. Altans so het die o'ergroot meerderheid van mense wat hulle geken het gemeen, en natuurlik het dit bij baing 'n groot maat van afguns en ontevredenheid verwek.

Baing mense—want dit is maar die algemene beloop van die ou wereld—het die genotvol uurtjies van sonneskijn in hulle lewe, veroorsaak deur hulle opgeruimde humeure, benijë. En tog was daar oënblikke in hulle lewe wat nie te benijë was nie.

Die egpaartjie was al vir 'n tijdperk van vijf jaar getroud gewees, en tot hulle innerlike teleurstelling was die huwelik nog nie met kindertjies geseënd gewees nie. En alhoewel hulle nooit hulle ontevredenheid daaro'er publiek te kenne gegee het nie, tog had dit ten gevolge dat hulle anders vrolike gemoedstoestand baing daë deur knorrigheid vervange was, en waarvan niemand anders dan hulle alleen bewus van was.

'n Ou spreekwoord sê: "Alle goeie dinge kom lanksaam," en met innerlike vreugde moes Johannes en Maria die waarheid hiervan ondervinde.

Op die 15de van Augustus, 1875, was die blijdskap van Johannes so groot dat die trane hom daardeur o'er die wange gestroom het toen Dr. Zahn hom met 'n handdruk toeroep: "Van harte gefeliciteerd, Johannes! Mevr. Wildeman is bevalle van 'n welgeskape seuntjie. Moeder en seun siet daar altwee onder die omstandigheid eerste-klas uit."

"Baing dankie, Dokter," sê Johannes, "mag ik naar binne gaan?"

"Ja, seker, Johannes, maar nie te veel gesêls nie, hoor?"

Wie sal tog die onbeteuëlde vreugde van vader en moeder bij so 'n geleëndheid kan beskrijwe? En dat hulle nou in hulle tomelose blijdskap 'n afgod van die kind gemaak het, sal ons almal lig kan begrijp.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die dag waarop Japie—want so het die seuntjie geheet —kon loop, toen moes Johannes behoorlik, op voorskrif van Maria, die Leraar gaan haal, dat hij met hulle in hulle onbeskrijflike vreugde kon deel.

Toen Japie slegs één jaar oud was, is hij tot die innerlike verdriet van sijn ouërs skielik siek geworde. Die siekte het bij die uur toegeneem, so dat hulle die ergste gevrees het. En dit was bij die geleëndheid dat Johannes met gespanne aandag, en betraande oë sijn lieweling daar op die skoot van die moeder met innerlike medelijde gadegeslaan het, en waarvan ons reeds hierbôwe melding gemaak het.

Bijna o'erstelp van verdriet was vader en moeder, met hulle haas op die rand van die dood seuntjie, alleen in die vertrek, toen daar 'n sagte geklop aan die voordeur vernome werd.

"Johannes, daar klop iemand. Kijk tog wie dat dit is, moëlik is dit nog die dokter."

Maar vóór dat Johannes bij die voordeur was om dit oop te doen, was die persoon die geklop het alreeds binne en op weg naar die sieke vertrek. Die persoon was niemand anders dan Ds. Stegmann, die van 'n lange reis teruggekeerd was, en bij aankoms van die ongeval van die Wildemans verneem het, en gevolgelik dadelik soheen gegaan om hulle met raad en daad te assisteer.

Toen Johannes bespeur dat dit Ds. Stegmann was, was hij in sijn hart verheugd.

"Welkom thuis, Dominee," sê hij, gepaard met 'n hartelike handdruk, "baing blij om u hier te sien, want ons het al met innige verlange naar uw terugkoms uitgesien."

"Dankie, Johannes," sê die Leraar, "dit spijt mij maar van harte dat Japie so ernstig siek is, maar laat ons Hem, die self magtig is om dode op te wek volkomelik vertrou. Mag ik binne gaan?"

"Seer seker, Dominee, dit sal ons uiters aangenaam wees," en daarop draai Johannes die deur van die sieke vertrek oop om die Dominee binne te laat.

"Goeië aand, Maria," sê Ds. Stegmann bij sijn binnekoms,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Ik het innig medelijde met julle sware beproewing. Ik wil hoop dat dit nie so ernstig is als julle vermoed nie. Wat sê die dokter, Johannes?"

"Tot nog toe had ons ongelukkig nog gen dokter nie. Dr. Zahn is weg naar "De Keur," en Dr. Harkeman sal nie eerder als morre vroeg hier kan wees nie, want ik het maar vanmiddag mijn kar naar Tulbagh gestuur om hom te haal."

"Dokter Harkeman," sê Ds. Stegmann, "mag 'n baing goeie dokter wees, Johannes, maar ik verstaan dat hij die morele wette van soberheid te danig o'erskrij."

"Ja, meneer Stegmann, dit erken ik, maar nietemin, is hij daarom een van die knapste dokters die ons ooit die voorreg had in Suid Afrika te hê."

Kort daarna—na 'n ernstige gebed—is die Leraar weer huiswaarts gekeer.

Die daarop volgende morre—strijks van ag-uur—is Dokter Harkeman, tot innerlike blijdskap van Johannes en Maria, aangekom, en sonder enige formaliteite die sieke kamer binne gegaan om met sijn ondersoek 'n aanvang te maak.

Nadat hij Japie behoorlik geèksamineer had, draai hij so ewe droogweg om en sê aan Maria: "Gee mij 'n kraffie wijn, en dan kan julle mij so strijks van drie-uur agtermiddag roep."

"Ag nee, Dokter!" smeek Maria, "gee tog dadelik die medisijne, want mijn kind sterwe."

Maar die dokter het hoegenaamd gen notisie van die gesegde geneem nie, en op slot van rekening moes hulle maar die wijn gee, en waarmee die dokter ongeèrg naar 'n vrij kamer vertrek het.

Om drie-uur die namiddag was Maria bij die deur om die dokter op te klop. 'n Klein rukkie daarna is die dokter te voorskijn gekom, en die nodige medisijne die kindjie toegedien, en wat tot verbasing van almal 'n bij uitstek toweragtige uitwerking had, want die volgende dag was die dokter weer op weg naar Tulbagh, en Japie, alhoewel baing swak, was volkomelik hersteld.

Die vreugde en dankbaarheid van Johannes en Maria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was haas onbeskrijflik toen Japie—so uit die klouë van die dood geruk—aan hulle terug gegee werd.

Ds. Stegmann was bijna sprakeloos van verwondering toen hij die vreemde handelwijse van die dokter verneem het, en nog meer toen aan hom vertel werd, hoe dat die buitengewone behandeling met so veel sukses bekroond werd.

"En Johannes," begin die Dominee, "wat vir uitleg gee die dokter aan sijn vreemde handelwijse?"

"Dominee, Dokter Harkeman is van oordeel dat die o'ergroot meerderheid van dokters in die meeste gevalle nie weet wat dat hulle pasiente makeer nie, en gee hulle dan—soos hij dit noem—'n "voel-middel" in, om sodoende, so ver moëlik, o'ereenkomstig die uitwerking daarvan tot 'n gevolgtrekking te geraak.

Baing maal, sê hij, het dit 'n gunstige uitwerking, deur dat die konstitusie van die pasient so iets kan verdra. Baing maal weer, het dit 'n noodlottige gevolg, en word die spreuk van ou Vader Cats bewaarheid: "Die mislaë van medisijne word met aarde bedek".

Hij sê dat siekte in enig persoon 'n seker toppunt moet bereik om dit behoorlik en met goed gevolg te kan demp, deur op die juiste tijd van die regte geneesmiddels gebruik te maak.

Hij beweer verder, dat 'n dokter moet kan sien of sijn pasient sterk genoeg is; en in so 'n geval hom dan aan homself o'erlaat, so dat die siekte sonder behulp van medisijne onbelemmerd die vereiste toppunt kan bereik, om DAN oënblikkelik gedemp te worde, en sodoende die pasient te verlos van die kwaal waaraan hij onderhewig was.

Als die persoon nie sterk genoeg is nie, dan moet jij, om jou doel te kan bereik, die ontbrekende liggaamskragte deur middel van die nodige versterkende middels bewerkstellig. Want gaat 'n dokter daartoe o'er om sekere siekte te demp vóór dat dit 'n behoorlike toppunt bereik het, dan kan dit ten gevolge hê dat die siekte of kwaal 'n ander vorm aanneem, en sodoende maak jij van één duiwel twee, en die kanse van herstel word aanmerkelik daardeur verminder.

Enige siekte word veroorsaak deur een of die ander in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die liggaam binne gedronge ongereëldheid, verwijder die ongereëldheid, en die herstelling is oënblikkelik."

"Ja, Johannes," sug Ds. Stegmann, "volgens wat ons van Dokter Harkeman hoor, is hij waarlik baing knap. Jammer maar dat hij hom deur middel van die verfoeilike drank so te buite gaan.

Maar, Johannes, hou altoos in gedagte, hoe vernuftig Dokter Harkeman ook al mag wees, moet ons tog nooit uit die oog verlies nie, dat hij sijn buitegewone bekwaamheid uit 'n Hoger Hand ontvang het, en dit is DIE Hoger Hand wat jij en ik als redelike weses in die eerste plaas moet erken, en Hem tegelijkertijd vir sulke onmisbare behulpsels als Dokter Harkeman moet dank."

Daarop het hulle die Here hartelik gedank vir die herstelling van klein Japie, en Hem vuriglik gebede vir die HERSTELLING van Dokter Harkeman.

Op 'n welmenende wenk van sijn Leraar, het Johannes 'n besluit geneem om Japie, als die oud genoeg was, vir 'n predikant te laat oplei.

Maar van hierdie besluit het totaal niks te reg gekom nie, want hoe ouër dat Japie geworde het, hoe meer het sijn ouërs en Ds. Stegmann tot die ontdekking gekom, dat die kanse van Japie vir predikant maar kuikenswak was, want soos sijn moeder dit uitgedruk het: "Hij is glad te gruwelik daarvoor, en sijn onbruikbaarheid neem bij die dag toe! Netnou het ik hom skrik gemaak omdat hij 'n paar van sijn matertjies so liederlik onderdeur gespring het."

"Hoe het hij dan gemaak?" vra sijn vader.

"Ik het aan hom 'n handjie rosijne gegee. 'n Klompie daarvan het hij uitgehol en dit sorgvuldig met vlieë gevul en aan sijn niks vermoedende kameraadjies gegee."

"So 'n klein vaëbond!" merk sijn vader op, "en het jij hom toen vermaan?"

"Wat, vermaan? Ik het hom 'n gedugte pak gegee; maar dit help tog nie, hij sal wel netnou met 'n ander onbruikbaarheid besig wees."

Ja, en dit was werkelik ook so, want omtrent 'n uur daarna was Japie met 'n rekker in een van die honderde van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

akker-bome—waarmee die strate van Ceres so kunsmatig versierd is—besig om die virbijgangers met akkers te skiet.

Bij sulke geleëndhede was sijn slagoffers gewoonlik volk en meide, die deur een of die ander oorsaak op straat moes wees, en dan wag hij net sijn kans af totdat die meid of jong—op wie hij van plan is te skiet—in die nabijheid van een of die ander skoolmaat van hom verkeer, dan los hij die akker, die dan natuurlik op die kop van sijn slagoffer te lande kom.

Japie sit dan so stil als 'n muis in die digte boomtakke om sijn teënwoordigheid nie te verraai nie, en om die uitwerking van sijn weldeurdagte planne met genot gade te slaan.

Gewoonlik als so 'n jong of meid so 'n kopskoot krij, dan staat hij of sij dadelik stil, en so stadig gaat die hand naar die plek waar die akker met die kopbeen in botsing gekom het, gepaard met so 'n paar afgrijslike knope, terwijl die persoon dan met 'n boos oog die terrein op neem ten einde die oorsaak van sijn ergernis te ontdek. En gewaar so 'n persoon dan een of die ander kwaaijong in sijn nabijheid, dan kan jij glô dat die seun dan, tot innerlike vermaak van Japie, maar net goed die rieme moet neer lê als hij nie 'n pak wil hê nie.

Die tijd en daë het die transport waëns nog bij honderde o'er Ceres gegaan, in die rigting van die Diamantvelde. Somtijds kon jij tot veertig tegelijk van sulke op die mark uitgespande waëns tel.

Een aand was daar weer so 'n lot uitgespan, en bij een wa, wat min of meer 'n bietjie opsij gestaan het, het so 'n swak vuurtjie gebrand, en waarbij net één jong in diep gepeins gesit het.

Wellig was dit die eerste tog van die arm skepsel, en daar hij wis dat so 'n transport tog maar 'n hele rukkie duur, het dit hom moëlik swaarmoedig gemaak, want sijn houding bij die vuurtjie was maar regte beteuterd.

Japie was toen ook al 'n knapie van omtrent 'n twaalf jaar, en had 'n beesblaas waarmee hij allerhande kaskenades aangevang het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hij het die swaarmoedig houding van die jong daar bij die vuurtjie waargeneem, en kaalvoet—met die opgeblaasde beesblaas onder sijn arm gewapend—behoedsaam soheen geloop.

Die hotnot het van gen gevaar gedroom nie, en Japie het die blaas so na aan sijn oor gebreng als hij dit met moëlikheid kon, en dit toen 'n geweldige druk met sijn arm gegee. Die onverwagte Por-r-r-r geluid in sijn oor had ten gevolge dat die jong bijna in die vuur geval het, terwijl Japie soos 'n gedagte o'er die mark swewe : huis toe !

Toen die hotnot daar regkom, was al sijn skijnbaar verdriet vervloë, en het hij met alle erns Japie agterna gesit. En wat die ook uit die ervaring verwag het, en sijn vervolger naar 'n verkeerde huis gelei, en gelijktijdig spoorloos verdwijn, so dat die stomme skepsel—deur die lawaai wat hij daar opgeskop het—'n afgedankte pak in ruil ontvang het.

So 'n klein entjie van die gebou waarin Japie skool gegaan het, had ou mevr. Irwin 'n smeer-winkeltjie, alwaar sij o.a. allerhande soorte van lekkergoed verkoop het. Sij kon bij uitstek 'n geurige tamelêtjie gemaak het, en wat ook baing goed onder die skoolkinders verkoop het.

Gewoonlik het mevr. Irwin van die skoolkinders hulle volgeskrewe koppie-boeke ingeruil, en wat dan vir die tamelêtjie besigheid verbruik was.

Japie had so 'n koppie-boek klaar, en was die morre VROEG al bij die skool om alleen die genot te hê van die te worde omgeruilde lekkergoed.

Maar sijn teleurstelling was bijna onbeskrijflik toen hij van mevr. Irwin moes verneem dat sij nog nie van plan was om haar reputasie als lekkergoed-maakster te verloor nie, deur so 'n liederlike koppie-boek in te ruil.

"Sies," sê sij, "Japie, jij behoor jou te skaam om nog sulke slordige skoolwerk vir iemand te laat sien. En wie sal tamelêtjies koop wat op sulke smerige papier gemaak word ?"

Japie het so stadig omgedraai en die koppie-boek onder sijn baatjie weggesteek, en weer daarmee naar die skool lokaal gestap.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hij was nie alte lank daar nie, of 'n ander skoolmakker maak sijn verskijning. Haastig haal Japie die koppie-boek te voorskijn, en sê so ewe ongeérg aan die pas opgedaagde maat: "Jannie, loop verruil die koppie-boek daar bij ou mevr. Irwin vir tamelêtjies, dan kan jij die helfte daarvan vir jou hou."

Die aanbod werd gretig aangenome, en haastig was die seun op weg naar die winkel, terwijl Japie met 'n onderdrukte lag die wending van sake afwag.

So 'n rukkie nadat Jannie die winkel in was, werd hij weer deur Japie waargenome bij die winkel deur, op die terug tog, en had nog die opgerolde koppie-boek in sijn hand; maar gedurig kijk hij om als of hij iets bij die winkel deur verwag, alwaar ou mevr. Irwin ook haar verskijning gemaak het, en so boos als 'n tierwijfie wijs sij gedurigdeur haar vuis vir Jannie. Bij sijn aankoms het Japie hom maar ewe kalmpies gehou, en vra toen te danig teleurgesteld: "Hoekom het jij dan nie die koppie-boek verruil nie, Jannie?"

"Jong," sê Jannie, "daar was glad nie so 'n kans nie, want sij het net die boek uit mijn hand geruk, daarin gekijk, dit toen met 'n 'voertsek' in mijn gesig gesmijt, en toen wou sij nog—altans so het sij gesê—mij met 'n gewig doodgooi. Dit lijk mij die ou Heks is vanmorre glad bevoeterd, en al gee 'n man mij nou tien tamelêtjies dan gaan ik bij-mij-seksie-waar nie weer soontoe nie. Sij het ook nog dit daarbij gesê: 'Elke slag wat ik aan daardie vuil koppie-boek vat, dan moet ik mijn hande gaan was.'

Maar, Japie," vervolg Jannie, "jij lag glad te veel, dit lijk jij het mij met opset bedrieë. Maar wag, daar kom Hennie Marais aan, laat ons hom weer stuur."

Hennie het van gen gevaar gedroom nie, en met die grootste bereidwilligheid die vir hom bijna onbegrijplike gulhartige aanbod aangeneem, en sonder versuim laat vat winkel toe!

Op weg soheen het hij bij homself 'n besluit geneem om, sodra sig die geleëndheid voordoet, weer aan Japie sijn weldaad met rente terug te betaal. Maar die besluit was maar regte kort van duur, want ou mevr. Irwin het die komplot beraming

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

deur een van die winkel vensters met 'n gees van wraaksug waargeneem, en gewapend met 'n eerste-klas plak, het sij agter die deur die niks-vermoedende Hennie ingewag.

Vrijmoedig stap die tamelêtjie-begerige Hennie die winkel binne, en met 'n beleefde "gooie morre," terwijl hij die koppie-boek presenteer, werd hij sonder praat met 'n woeps! woeps! woeps! agter die blaaië begroet.

Die aanval was so heftig en so onverwags, dat Hennie met 'n "regs-omkeer" skijnbaar getrag het die honderd jaarts rekkord te breek! terwijl ou mevr. Irwin met 'n gesig soos die van 'n ondergaande son, so goed sij kon, hom agtervolg het, en gedurig met die plak op die grond geslaan het om die vaart van die o'er die straat swewende Hennie nog meer te bespoedig!

"Wat makeer, Hennie?" verneem die twee ewe verbaasd bij sijn aankoms, "dat jij so gou terug kom. Kon jij en die ou vrou dan nie o'ereen kom nie?"

"Nee, ik begrijp die ou viswijf vandag glad nie," antwoord Hennie uitasem, terwijl hij sijn brandende blaaië teen die skoolmuur skuur. "Die ou Tang het mij glad nie eens kans gegee om te praat nie. Al wat ik tijd voor had behoorlik uit te krij, was net: "goeie morre," en toen val die slaë so geweldig dat ik virplig was om te trap. Maar virwat lag julle twee so? Hoe lijk dit of julle mij 'n poets gebak het?"

Japie het Hennie een-twee-drie gerus gestel deur die ervaring van hulle altwee—dog wat vergroot—mee te deel. En daarmee was die saak min of meer afgedaan. Maar Hennie het daarom 'n besluit geneem om nooit weer sijn voete in daardie ou Toorheks—soos hij haar genoem het—se winkel te sit nie.

Vanmelewe toen ons nog kinders was, was dit algemeen gebruikelik gewees dat 'n kind van alles wat op tafel kom MOES eet, en die familie Wildeman was nie 'n uitsondering op die reel nie.

Japie was 'n vijand van boontjie-sop, en het enige denkbare plan gemaak—als hij wis dat daar boontjie-sop was—die maaltijd die dag mis te loop.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Gewoonlik was hij dan kasta siek. Sijn vader het net gou die bedrog agter gekom, en Japie moes teen wil en dank maar die sop in set.

Op 'n goeie dag verneem Japie bij die kok dat daar weer die dag boontjie-sop op tafel sou wees.

"A, nee," dag Japie, "vandag moet ik daarom 'n plan maak met die ellendige boontjie-sop, want dit smaak nog slegter als medicijne, en eet jij dit nie dan krij jij nog 'n pak bôënop."

Haastig is hij die kombuis in, en toen die kok—soos Japie GEMEEN het—naar buite was, om water te haal, het hij 'n opgehoopte piering-vol sout in die sop gegooi, en stadig weer pad gegee.

Die middag aan tafel was Japie se vader al verwonderd gewees o'er sijn buitengewoon opgeruimdheid, anders was hij altijd met so 'n boontjie-sop geleëndheid kop voor die bors. Maar sakraloot wat 'n gesig het Johannes getrek toen hij die sop proe.

"Wat die ongeluk het julle vandag weer aangevang, Maria?" vra hij met so 'n suur plooi op sijn gelaat. "Dit skijn werkelik of julle 'n hele soutpan in die sop gedaan het. Gen hond kan dit eet nie."

Klara, die kok, werd toen geroep om uitleg te gee, maar die het so gelag dat sij bijna nie 'n woord kon uitkrij nie.

"Klara," vra haar nôi, ewe ernstig, "hoekom lag jij so? Het jij dit met opset gedaan?"

"Nee, Nôi," lag Klara, "dis nie ik nie, maar dis Japie. Ik het vanmorre gemerk dat hij weer 'n plan op tou had, en ik het hom toen dop gehou: hij het bijna 'n bord-vol sout in die sop gegooi."

Japie was totaal uit die veld geslaë en alles erken.

O'er die afrekening sal ons maar 'n gordijn trek. Hij het egter 'n besluit geneem dat hij Klara weer sal uitbetaal, en wat hij ook net die daarop volgende dag uitgevoer het.

'n Klein entjie van hulle woonhuis af het 'n ou jong, met die naam van Arend, gewoon, en wat tot sijn grootste ergernis die bijnaam van "Kalkoen" gehad het.

Ou Arend was tamelik goed gehumeurd, so lank daar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie sprake van "kalkoene" was nie, maar mag iemand—en viral kinders en swartgoed—dit nou in sijn teënwoordigheid gewaë het om van die woord "kalkoen" gebruik te maak, dan moet so iemand maar gelijktijdig retireer, als hij nie 'n kierie o'er sijn ribbe wil hê nie.

Klara was 'n plaas meid, en het ou Arend maar swak geken, en dit wis Japie, en het van die onwetendheid van Klara gebruik gemaak, om haar te vergelde vir die deur haar op hom gepleegde verraad.

Met 'n bedaarde houding het hij hom naar Klara begewe, en haar die volgende instruksies gegee: "Klara, Pa sê jij moet dadelik naar ou Arend gaan, en vir hom vra of hij nog die kalkoene wil hê. Pa het gesê jij moet dadelik loop."

"Maar ik weet nie waar dat die ou Arend blij nie, Basie. Vertel mij eers."

"Jij moet," begin Japie, "effe met 'n halfmaan met 'n winkelhaak loop, teen die beskuinste, regaf diekant om, waar die kat, bij die huis met die skoorsteen, gesit het, reg-o'er die vors van ou Betjie se huis, en als dit donker worde dan moet jij maar die sterre in die oë hou."

"Ag, jij is bevoeterd," sê Klara, "gen hond kan uit daardie manier van beduië wijs worde nie. En als die baas met mij raas omdat ik nie naar ou Arend gegaan het nie, dan sal ik virtel dat dit jou skuld is."

Japie het Klara toen reg beduië, en onopgemerk deur haar, hom met 'n omweg naar die woning van ou Arend begewe, en so na moëlik aan die voordeur, agter 'n roosheining, posisie ingeneem.

Ou Arend was net besig met veldskoen maak voor sijn deur, onder 'n groot akker-boom, toen Klara daar aangekom het.

"Middag, oom Arend," groet Klara ewe beleef. "Middag," antwoord ou Arend weer terug, en vra toen gelijktijdig, terwijl hij sijn bril afneem: "wat wil jij hê?"

"Oom Arend," begin Klara, "baas Johannes Wildeman het mij gestuur om te hoor of oom Arend nog die kalkoen wil hê?"

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Net met die woord kalkoen vlie ou Arend op en pak 'n riem wat naas hom gelê het, en haal Klara, sonder praat, sulke geweldige houë o'er haar blaaië, dat sij genoodsaak was —alhoewel sij die vreemde handelwijse van ou Arend maar nie kon begrijp nie—so vinnig sij daartoe in staat was die distansie tussen haar en die ou jong te verleng.

Toen Arend nou sien dat Klara uit sijn bereik was, het hij hom weer huiswaarts begewe, en brom toen bij homself: "Ellendige Boesman! Jij is skaars 'n maand op die dorp, en jij kom neuk ook al met jou kalkoen. Maar ik sal jou wijs," en daarmee was hij weer met sijn veldskoenmakerij aan die gang.

Japie het hom hartelik verheug o'er die gunstige uitwerking van sijn planne, en lag-lag daar opgestaan en Klara agterna gesit.

Toen hij bij haar kom had hij maar weer die dood onskuldige houding, en vra toen ewe ongeèrg: "Wat sê outa Adam van die kalkoen?"

Verbaasd kijk Klara hom aan en sê: "Jij meen daardie Satan van 'n ou Arend? Wat lol jij nou weer met Adam?"

"O, Klara," helder Japie op, "dis net soos ik gedog het: jij het mij verkeerd verstaan, en daarom het ik maar self naar ou Adam gegaan.

Jij moet nie altemit laat Pa agter kom dat jij bij ou Arend gewees het nie, want dan gee hij jou ook 'n pak, want hij het ons ten strengste gewaarsku om van ou Arend weg te blij, o'er dat hij so verskrikkelik kan vloek."

Klara het tot groot vreugde van Japie sijn raad opgevolg, en daarmee het die kalkoen affêre doodgeloop.

Japie, soos kan verwag word, was 'n vijand van skoolgaan. on het van al die moëlike kanse gebruik gemaak om uit die skool te blij.

Sijn ouërs daarenteën weer—daar hulle bewus was van sijn traagheid—het alles gedaan om hom so min moëlik uit die skool te hou, en hom so goed moëlik, onder die omstandigheid, geleerd te krij. Sijn uit die skool blij kans was dan maar tingerig, en gevolgelik moes hij planne beraam om sijn doel te kan bereik.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Op 'n goeie namiddag wou hij graag met 'n jag ekspedisie die berg in, maar daar sijn vader nie die vereiste verlof daartoe wou verleen nie, moes hij 'n plan maak, en wat hij ook met goed gevolg reg gekrij het.

Ongeveer 'n twee honderd jaarts van waar die skool destijds gestaan het, was twee klip gebouë. Die een het diens gedaan als woonhuis, die ander als stal en waënhuis.

Met een van die Koloniale Kaffer oorloë het die Goewernement dit noodsaak geàg die gevange-genome Kaffer-meide o'er die Kolonie te versprei.

Enige honderde van die meide werd toen op Ceres gestasioneerd, en juis bij die bôwegenoemde klip gebouë moes hulle kampeer, sodat die stal en waënhuis deur sommige van hulle als slaap-vertrek kon gebesig worde.

Die stal was 'n vierkantige vertrek van ongeveer 20 x 20 voet, en voorsien van twee lange krippe : die een regs en die ander links als jij die stal inkom.

Enige weke nadat die meide weer naar Kafferland vertrokke was, ontdek Japie dat die stal die verblijfplaats geworde het van miljoene van vlooië.

Dit was so erg, dat als iemand dit gewaag het daar in te gaan, dan het hij onmiddellik die besitter van duisende van verhongerde kaffer-vlooië geworde.

En dat die vermaërde vlooië van 'n kans om hulle brandende honger te stil sou gebruik gemaak het, weet ons almal wat al met die vlooi-nasie in aanraking gekom het.

Dit was juis die plek die Japie in die oog had om sijn doel die namiddag te bereik.

Omtrent tien minute voor dat die skool sou aangaan vertel Japie aan die aanwesig sijnde kinders, dat daar 'n dooi Kaffer kind in een van die krippe agter geblij het, en dat daar nog genoeg tijd was—als hulle gou maak—om daarnaar te gaan kijk, en nog weer in tijd te wees vóór die aankoms van die onderwijser.

Met die grootste opgewondenheid het die kinders die rieme soontoe neergelê, en bij hulle aankoms daar het hulle die stal binne gestorm. En daar hulle nie wis in watter krip die lijkie was nie, was dit, so als kan begrijp worde, 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

heen en weer loperij van krip tot krip dat dit 'n naarheid was.

Ondertusse het die naar voedsel verlangende vlooië, tot innerlike vreugde van Japie, hulle die deur hom verlangende werk uitmuntend verrig.

Nadat die kinders tot hulle leedwese ontdek had dat die dooi Kaffertjie "nie meer" in die krip was nie, is hulle naar buite gekeer, en dadelik werd hulle aandag deur Japie op die vlooië gevestig.

Die grotere kinders het verskrik begin om met hulle hande die wemelende vlooië-massa van hulle broekspijpe af te slaan, terwijl sommige van die kleinere kindertjies huilend aan die uittrek was.

Sommige van die grotere kinders het dit ook onder die omstandigheid raadsaam geàg, om hulle van so veel moëlik, kledingstukke te ontdaan.

Terwijl die kinders daar besig was, als of hulle op die wal van die rivier was, werd die "fluit" verneem als teken dat die skool moes begin.

Die meeste van die kinders had hulle baatjie en hoed in die een hand. Met die ander hand moes hulle die broek afvallende neiging verbreek, en die fladderende hemp so goed moëlik vas hou, terwijl die kruisbande aan hulle self o'ergelate, soos die stert van 'n vlieër, ewe plesierig hier agter rond wapper.

Verskrik en met oopgerekte oë het die onderwijser die spul gade geslaan en opgewag.

Japie was, soos kan verwag word, op die voorpunt, en uitasem aan die nuwsgierige onderwijser die volgende meegedeel, terwijl hij, om suspisie te vermijë, onophoudelik aan die ronddans was, als of hij ook kliphard van die vlooië was: "Meneer," so begin hij, "hulle het ons vertel dat daar 'n dooi Kaffertjie daarbô in die stal was; maar ik denk ons moet hulle verkeerd verstaan het, want in plaas daarvan is daar duisende van LEWENDIGE Kaffer vlooië in. Soe!" vervolg hij, "die goed bijt nou soos rissies!"

Ondertusse was die vlooi-besetene die skool lokaal binne gedring, maar die oproer was so ondraaglik onordelik, dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die onderwijser genoodsaak was die kinders naar huis te laat gaan, en temeer daar hij toen ook al tot die ontdekking gekom het, dat twee hande ontoereikend was om die o'er sijn hele lijf jeukerige gevoel te stil.

Alhoewel met 'n groot omweg het Japie tog sijn doel bereik, en 'n klein rukkie daarna die jaggesêlskap opgevang, en 'n genotvol agtermiddag in die kranse deur gebreng.

Op die dorp het een ou Davidse gewoon, en die had ook tot sijn innerlike verdriet die bijnaam van "Ou Baas." Ou Baas het altoos, waar hij ook al gegaan het, klippe in sijn sak gedra om die "kringe," soos hij die wat hom geplaë het genoem het, tot hulle plig te breng.

Japie het natuurlik van die renons wat "Ou Baas" in sijn bijnaam had, geweet, en waar sig die geleëndheid voorgedaan het om die ou se siel uit te trek het hij natuurlik daarvan gebruik gemaak.

En om twee voëls met een klip te slaan, het hij sekere Jan Kneg—o'er dat die hom bij 'n "waterlemoen inspeksie" die dood op die lijf geja het—bij "Ou Baas" die stel laat aftrap.

Jan Kneg was 'n beleefde ou skepsel, en op 'n goeie aand het hij hom onwetend in die nabijheid van ou Davidse bevinde, toen Japie, die ook net bij toeval (?) daar was, ou Jan daarop opmerksaam gemaak het dat: "Die Ou Baas groet jou dan so beleef outa Jan, en jij sê nie eens weer "naand" nie."

Die arme ou drommel het op die oënblik die bijnaam moeilikheid vergeet, en om sijn begane fout te herstel sê hij ewe beleef: "Naand, Ou Baas." Skaars was die woord "Ou Baas" geuiter of ou Jan werd deur ou Davidse met 'n klip tussen sijn blaaië begroet.

Met 'n onderdrukte verbreking van die derde gebod het ou Jan die toedrag van sake dadelik begrijp, en Japie agterna gesit, die ook bewus was van die spreuk: "'n Goeie begrijper het 'n halwe woord nodig," en op grond daarvan die boosaardige voornemings van ou Jan ontvlug.

Ou Jan was bitterlik teleurgesteld dat sijn venijnige intensies deur die ontvlugting van Japie so skipbreuk gelij het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

maar aangevuurd deur die algemene menselike wraaksug, is hij naar meneer Wildeman gegaan en hom sorgvuldig alles meegedeel, en onder meer dit daarbij gevoeg:

"Baas Johannes kan gerus vir Jakob behoorlik skrik maak, want hij laat gen mens ongehinderd nie. Nie alte lank gelede was hij die oorsaak dat twee was-meide makaar net lelik bij die rivier uitgevoeter het."

"So," sê Johannes ewe verwonderd, "hoe het hij dit reg gekrij?"

"Dood eenvoudig, baas. Hij het net in hulle afwesigheid van die een meid se wasgoed geneem, en dit bij die van die ander weggesteek."

"Baing dankie vir die informasie, Jan. Ik sal Japie seker tot sijn plig breng."

Die daarop volgende morre moes Japie voor sijn vader verskijn, die hom per slot van rekening so uitgedruk het: "Knapie, ik het met sorg jou "rekening" nagegaan, en met die informasie voor hande blijk dit dat jij net 'n aansienlike klompie moet uit hê."

"Baing dankie, Pa," laat Japie hom hoor, "al wat ik MOET uit hê, sal ik Pa maar skenk."

Sijn vader, egter, was hoegenaamd nie van plan die aangebode aanbod aan te neem nie, en onmiddellik daarna was Johannes en Japie en 'n plak aan die woel, en Japie MOES teen wil en dank die aan hom toekomende "balans" in ontvangs neem.

Kort daarna het Johannes op 'n ernstige en welmenende wenk van Ds. Stegmann, Japie naar 'n opleidings instituut gestuur, alwaar hij—nieteënstaande sijn "gruwelikheid," soos sijn moeder dit genoem het—bewonderingswaardige vooruitgang gemaak het, so dat hij in later jare tot innerlike vreugde van sijn ouërs en Ds. Stegmann 'n bijna onmisbaar man vir die maatskappelike samelewing geworde het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ZA 839.3633
ENGELA

GESÊLS, DEUR J. G. ENGELA.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011